

5 April 2020 Palmsondag

Bybelstudie NG Kerk Lambton-Germiston

Teks: Matteus 20:29-21:11

Inleiding:

Soos die mense in Jerusalem Jesus met hosannas begroet het en later “kruisig hom!” geskree het, is ons soms onseker en selfs teenstrydig in ons getrouheid aan Christus en ontken ons Hom dikwels in ons gedagtes, ons woorde en ons dae. Ons staan vanoggend saam voor die kruis, al is ons by ons huise, as mense wat ’n Verlosser nodig het – laat ons, ons afhanklikheid van hierdie verlosser erken.

Ons dink vandag terug aan Jesus wat in Jerusalem ingaan op ’n donkie, aan Jesus wat die mens kies. Ons dink vandag terug aan Jesus, God wat mens geword het. Ons dink terug aan Jesus wat sou ly onder Pontius Pilatus. En ons vra in werklikheid, wie was hierdie Jesus?

Liturgie:

As deel van Palmsondag kan die tekste wat hierdie storie vertel gelees word soos ons dit vind in Matteus 26:14 – 27:66. Hierdie tekste kan egter ook deur die loop van die week gelees word en oor nagedink word. Vir Palmsondag lees ons egter slegs Matteus 20:29-21:11.

Matteus 26:14-25 – Verraad

Matteus 26:26-30 – Nagmaal

Matteus 26:31-56 – Getsémané

Matteus 26:57-68 – Voor die Joodse raad

Matteus 26:69-75 – Verloëning

Matteus 27:1-10 – Judas

Matteus 27:11-31 – Pilatus

Matteus 27:32-44 – Kruisiging

Matteus 27:45-56 – Sterwe

Matteus 27:57-66 – Begrafnis

Teks: Matteus 20:29-21:11

Jesus maak twee blindes gesond

29 Toe hulle uit Jerigo uitgaan, het 'n groot menigte Jesus gevolg.

30 Twee blinde mans wat langs die pad gesit het, het gehoor dat Jesus verbykom. Toe roep hulle uit: "Here, Seun van Dawid, ontferm U tog oor ons!"

31 Die mense het met hulle geraas en gesê hulle moet stilbly, maar hulle het al hoe harder geroep: "Here, Seun van Dawid, ontferm U tog oor ons!"

32 Jesus het gaan staan, hulle geroep en gevra: "Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen?"

33 Hulle sê toe vir Hom: "Here, dat ons oë oopgaan."

34 Jesus het hulle innig jammer gekry en hulle oë aangeraak. Dadelik kon hulle sien en het hulle Hom gevolg.

Die intog van Jesus in Jerusalem

1 Toe hulle naby Jerusalem kom en Betfage aan die Olyfberg bereik, het Jesus twee dissipels vooruit gestuur

2 en vir hulle gesê: "Gaan na die dorpie daar reg voor julle, en net soos julle inkom, sal julle daar 'n donkie kry wat vasgemaak is, en 'n vul by haar. Maak haar los en bring hulle vir My.

3 En as iemand vir julle iets daarvoor sê, antwoord dan: Die Here het hulle nodig, en Hy sal hulle gou weer terugstuur."

4 Dit het gebeur sodat die uitspraak van die profeet vervul sou word:

5 "Sê vir Sion: Kyk, jou Koning kom na jou toe; Hy is nederig en Hy ry op 'n donkie, op die vul van 'n pakkier."

6 Die twee dissipels het toe vooruit gegaan en gedoen wat Jesus hulle beveel het.

7 Hulle het die donkie en die vul gebring, van hulle klere op die diere gesit, en Jesus het opgeklim.

8 Die grootste deel van die skare het van hulle klere op die pad oopgegooi, en ander het takkies van die bome afgebreek en dit op die pad gestrooi.

9 Die mense wat voor Jesus geloop het en dié wat agter Hom aan gekom het, het begin uitroep: "Prys die Seun van Dawid! Loof Hom wat in die Naam van die Here kom! Prys Hom in die hoogste hemel!"

10 Toe Jesus in Jerusalem ingaan, het die hele stad in beroering gekom en gevra: "Wie is hierdie man?"

11 Die skare het geantwoord: "Dit is die profeet Jesus van Nasaret in Galilea!"

Matteus 26:1-27:66 is die evangelie lesing vir Groot Lydensweek. Die teks vir Palmsondag is Matteus 20:29-21:11 (die voorafgaande verhaal van die genesing van blindes is belangrik en word bygevoeg). In hierdie tekste is die fokus op Jesus se titel: Die Koning van die Jode, Seun van Dawid en die Koning-Herder-beeld. Jesus, die Messiaanse Dawidiese Herder-Koning, is die sentrale tema.

Interessantheide in die Teks

Die tema van die koninkryk van die hemele is reeds hier bekend: die aankondiging van die koninkryk soos ons vind in Matt 4:17, die gelykenisse oor die koninkryk in Matt 13 en die kontras tussen die koninkryk van die hemele en die kenmerke van die aardse koninkryk soos in Matt 23-25. Maar die literêre styl is ook belangrik, soos die formule met aanhalings wat Matteus maak vanuit die Ou Testament, kyk maar na Matt 21:4; Matt 1:22; 4:14 en hoe Matteus gebruik maak van Sagaria 9:9 en Jesaja 62:11.

In die teks word teenstellings gedurig beklemtoon: insig / geen insig; heilige tempel / onrein tempel; die afbreek van die tempel / die opbou van die tempel; barmhartigheid / liefdeloosheid; reg en geregtigheid / onreg en uitbuiting; nederigheid / magtigheid; skares wat Jesus volg / die Jerusalem-skare wat Jesus verwerp; die Goeie Herder / slegte herders; erkenning van Jesus as Koning / ontkenning van Jesus as Koning.

Die geografiese simboliek en die sentrale rol wat Jerusalem speel, is bekend. Jerusalem is die heilige stad met die heilige tempel. Dit is waar God teenwoordig is. Jerusalem is die beeld van God se shalom (vrede), sy reg en geregtigheid, sy barmhartigheid, sy gee en omgee, sy ontferming en sy koninkryk. Téénoor Jerusalem staan die tempel en tempel aanbidding as simbool van die tyd en die wanorde wat in werklikheid gevind kan word in die heilige stad. Dit verwys na die mag van die familiehoofde, die Fariseërs en die Sadduseërs, die uitbuiting en die uitsluiting van mense.

In die sinoptiese Evangelies word Jesus se via dolorosa met geografiese aanduidings uitgebeeld as die pad na Jerusalem (Matt 16:21-23; 17:22-23; 20:17-19). Jesus se bediening was in Galilea en Judea gekonsentreer. Daarna is Hy slegs een keer Jerusalem toe vir Paasfees en die vervulling van die doel van sy menswording, naamlik die kruisiging.

In die toneel van die genesing van twee blindes, kom Jesus van Jerigo af (Matt 20:29). Ongeveer 24 km van Jerusalem af gaan Hy op na Betfage teen die Olyfberg (Matt 21:1; vgl Sag 14:4; Eseg 11:23) en dan af na Jerusalem (Matt 21:10). Betfage (dit beteken "huis van groen of jong vye") was waarskynlik buitekant Jerusalem, teen die Olyfberg, oos van Jerusalem. Van daar af kon 'n mens Jerusalem sien en was die Olyfberg sigbaar.

Dit is ook belangrik om op te let dat 'n skare Jesus van Jerigo af vergesel en dat dié skare Jesus met die optog Jerusalem toe begelei. Hierdie is 'n groep mense wat Jesus van Galilea af en deur Judea gevolg het. Die groep het bly groei (Matt 19:1-2; 20:29; 21:8; vgl 27:55). Die optog en

aanbidding van Jesus as Koning van die Jode vind buite die stad Jerusalem plaas, tydens die aftog van die Olyfberg af, maar kan vanaf Jerusalem gesien word.

Die mense in Jerusalem het waarskynlik die aftog teen die Olyfberg/Betfage gesien. Dié groep (“die hele stad” Matt 21:10) is ’n ander groep mense as dié wat Jesus vergesel het. Dit is hierdie Jerusalem-skare wat ontsteld vra: “Wie is hierdie man?” (Matt 21.10), met die Jesus-volgelingen wat antwoord (Matt 21:11). Dit is die Jerusalem-skare wat roep: “Kruisig hom, kruisig hom” tydens die verhoor voor Pilatus (Matt 27:20-25; vgl 26:47).

Daar word geskat dat die bevolking van Jerusalem tydens Pase van ongeveer 30 000 tot soveel as 180 000 toegeneem het met die instroming van pelgrims wat van oral na Jerusalem gekom het vir Pase.

Die frase “Ontferm U tog oor ons, Here, Seun van Dawid!” in Matteus 20:30 en 31 (ook Matt 9:27; 12:23; 15:22; 21:15) is om twee redes belangrik.

Die titel “Seun van Dawid” was reeds in Matteus 1:20-21 aan Josef toegeken. Dit verwys na beloftes van ’n opvolger vanuit die nageslag van Dawid as die koning asook die uitkoms van ’n profetiese belofte. Die titel is ook nou verbonde aan die Koning-Herder-beeld, hiervoor maak Matteus gebruik van Jeremia 23 en Esegïel 34.

Die versoek vir ontferming word gekoppel aan die identiteit van die Messias, die een wat innig jammer kry, die een wat red en genees. Dit word ondersteun deur die verbinding van die titel met Jesus wat mense genees en Hom oor hulle ontferm (Matt 9:27-30; 12:22-23; 15:21-28; 20:30-34). Hierdie kenmerk van ’n Messias wat red en genees, word sterk onderstreep deur die Koning-Herder-beeld wat Matteus beklemtoon deur sy gebruik van Ou-Testamentiese tekste.

Konteks

Die perikoop kan soos volg ingedeel word:

1. Genesing van twee blindes (Matt 20:29-34; vgl Matt 9:27-31): Erkenning van Jesus as die Seun van Dawid deur twee blindes. Die bevestiging van Jesus se identiteit as die Seun van Dawid, die Messias, geskied deur Jesus se genesing van die twee blindes. Die ironie (ook ’n rabbynse interpretasie) is dat die blindes insig het wat Jesus se identiteit betref, maar die skares het nie dieselfde insig nie. Dié wat kan sien, kan Jesus nie as Koning herken nie.

2. Die voorbereiding van die optog (Matt 21: 1-7): Die groep nader Jerusalem. Die twee esels in teenstelling met Mark 11:2,4; Luk 19:30,33; en Joh 12:14-15 waar daar net een donkie is, is waarskynlik as gevolg van Matteus se gebruik van die profesie in Sagaria 9:9 binne die skrywe van hierdie teks. ’n Belangrike kontras is dat dit ’n esel, ’n pakkier is, nie ’n oorlogspierd soos wat ’n koning gewoonlik op ry nie (Sag 9:10). Die Seun van Dawid, die Koning-Herder, kom in nederigheid op ’n pakkier, ’n dier van vrede, Jerusalem binne (kyk bietjie na 1 Kon 1:38-40 waar

Koning Salomo op Dawid se esel ingehuldig word). In Matteus 11:29 nooi Jesus mense om na Hom te kom, want Hy is “sagmoedig en nederig”. Nou kom Jesus “nederig” na Jerusalem toe.

3. Optog van die Olyfberg af na Jerusalem (vv 8-9): Dit is nie meer net twee blindes wat Jesus as die Seun van Dawid erken en toejuig nie, maar ook ’n baie groot skare wat Jesus as koning herken en erken. Die skares maak nie meer stil nie, maar roep saam. Van die skares gaan Jesus vooruit; ander volg Hom.

“Hosanna” was oorspronklik ’n pleidooi in Aramees vir “red ons”. Dit het ook ’n uitroep van lofprijsing geword. Dit is dus tegelyk ’n uitroep vir hulp en van vreugde. Sommige kommentators herinner ons daaraan dat die groet “hosanna” soortgelyk is aan die hedendaagse “good-bye”, afkomstig van “God be with you”. Die woorde “Hosanna! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here”, is deel van die pelgrimslid in Psalm 118:25-26.

Die oopgooi van klere en neerstrooi van takke is simbolies van die inhuldiging van ’n koning (vgl 2 Kon 9:13). Die optog van Jesus na Jerusalem, vol simboliek van nederigheid, is dan in werklikheid teenstrydig met die tipiese manier waarop ’n koning ingehuldig of selfs net verwelkom sou word in ’n stad.

4. Reaksie van persone in Jerusalem (vv 10-11): Die “hele stad” is in oproer oor Jesus. Dit herinner ons aan die ontsteltenis van Herodes en die hele Jerusalem saam met hom toe die wyse manne navraag gedoen het oor waar die koning van die Jode gevind kan word (Matt 2:3). En in Matteus 21:10 vra hulle dan na die identiteit van Jesus: “Wie is hierdie man?” Die antwoord van die skare, wat saam met Jesus binnegekom het, is: “Dit is die profeet, Jesus, van Nasaret, Galilea.”

Die skare se antwoord het religieuse implikasies. Die profeet, Jesus van Nasaret, se boodskap oor die koninkryk van God was heel anders as dié van die godsdienstige leiers van die tyd wat hulleself verryk en die mense uitgebuit het. Daarom moes die tempel kultus vernietig en opnuut herbou word. Maar die erkenning en aanbidding van Jesus as die Seun van Dawid, die Herder-Koning, het ook politieke implikasies vir die Jode sowel as die Romeinse Ryk gehad. Jerusalem, wat deel van Judea was, was tydens Jesus se kruisiging nie meer onder die bewind van ’n Joodse koning nie, maar direk onder die bewind van die Romeinse goewerneur. Die mense van Jerusalem, asook godsdienstige en politieke leiers, was ontsteld oor die oproerige skare vanuit Galilea wat juigend vanaf die Olyfberg Jerusalem binnekom, saam met hulle profeet, die Herder-Koning, die Messiah, Jesus, Seun van Dawid.

Vrae vir bespreking:

1. Soos ons hier gesien het, kan ons oor Jesus praat maar kan ons hom verskeie name noem, bespreek of dink na oor die name wat jy God gee en bespreek hoekom jy Hom dit noem?

(Vir die voorganger: Party mense noem God Vader, party noem Hom Heer, ander noem Hom vriend, bespreek bietjie hoekom. Julle kan ook bespreek hoekom jy Hom nie ’n naam wil noem soos byvoorbeeld vriend nie. In werklikheid word hierdie ’n vraag oor wie is God vir jou?)

2. Partykeer bid ons en dan soos die twee blinde mans voel ons in werklikheid asof die Here ons stemme nie hoor nie, ons word uitgedoof deur omstandighede of mense, nou meer as ooit voel dit dalk asof mens in die dak vas bid want jy's heelyd onder hom. Dink jy God hoor ons gebede? En wat doen jy as jy voel hy doen nie?

(Vir die voorganger: 'n Bespreking oor waarvoor ons vra is 'n goeie uitgangspunt, maar daar kan ook by die vorige vraag aangesluit word, die manier waarop jy God beskou kan baie maal bepaal waarvoor jy vra, 'n Vader as voorbeeld bied beskerming, 'n Messias bied redding uit omstandighede)

3. Dit is interessant dat die eerste mense wat Jesus erken het as "die koning van die Jode" die wyse manne is in Matteus 2:2 en nie die Jode self nie, dink julle ons as Christene kyk soms ook vir Jesus mis?

(Vir die voorganger: Miskien is Jesus meer as net die name wat ons aan hom toeskryf. Dit kan ook interessant wees om te vra of mense wat nie Christene is nie, dalk vir Jesus raaksien al sien ons hom nie altyd nie, of na hom luister al luister ons nie altyd nie)

4. Dit moes vreemd gewees het vir die twee dissipels wie Jesus stuur om 'n donkie te kry om in n dorpie in te loop en sommer net iemand se donkie te vat, wat sou jy gedoen het, sou jy bang wees iemand oorrompel jou want hulle dink jy steel? Tog doen hulle dit, en kyk, God voorsien. Dink jy God sal ook vir ons voorsien in ons huidige omstandighede?

(Vir die voorganger: Hierdie is 'n vraag wat nie noodwendig in 'n familie situasie in diepte bespreek hoef te word nie, omdat dit nogal sensitief kan wees, veral wanneer ons oor finansies begin praat in ons huidige omstandighede, tog moedig ek egpare aan om dit met mekaar in meer diepte te bespreek)

5. Die mense het aanvanklik vir Jesus toegejuig toe hy in Jerusalem ingegaan het en later het baie hom gespot, wat dink jy sou jy nou vir Jesus sê as hy voor jou sou te staan kom?

(Vir die voorganger: Bespreek bietjie die idee van Jesus wat egter nie vêr weg is nie, maar wel nou by ons is, bespreek ook of jy eintlik sou anders optree as hy fisies langs jou was dag en nag en of hy nie dan wel is nie.

Ek moedig julle ook aan om julle eie vrae op te stel en dit te deel met ons op ons Facebook bladsy waar hierdie Bybelstudie ge "post" is.

Gebed: Hemelse Vader, ons noem U by baie name, ons getuig gedurig van U, en tog, somtyds kyk ons U mis, of verloën ons U, al is U naam op ons lippe. Gee ons krag en wysheid om U werklik te leer ken, dat ons U mag liefhê in alles wat ons doen Amen

Julle kan as familie nou ook saam Filipense 2:5-11 lees as geloof belydenis

Geloofsbelydenis: Filippense 2:5-11

5 Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was:

6 Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie,

7 maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het,

8 het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis.

9 Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is,

10 sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig,

11 en elke tong sou erken:

“Jesus Christus is Here!”

tot eer van God die Vader.

'n Seën wat ons oor mekaar kan uitspreek:

Mag God jou seën tot ons mekaar weer kan omhels!